Oordenking
28 Junie 2017.

Die Heilige Gees - gawes van die Gees, *deur Gabrielle Wright*
As ons oor die gawes van die Gees dink soos mens oor ’n geskenk dink, wie is dan die ontvanger van die geskenk en wie moet voordeel daaruit trek en dit geniet.
Dit is die universele Kerk; die Liggaam van Christus in sy geheel; Dit is die familie van Christus in eenheid met mekaar.

1 Korintiërs 12:4-7 sê, “Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. *Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.”*

Let op dat wat ons gewoonlik die gawes van die Gees noem hier na verwys word as die werkinge van die Gees in en deur ons tot voordeel van almal in die universele Kerk van die Here. Iemand mag dalk net deel in een of twee van die werkinge van die Gees, of ons mag gedurende ons leeftyd gereeld vir heelwat van die werkinge van die Gees gebruik word. Die Gees stel ons in staat en moedig ons aan om hierdie werkinge ter wille van die hele Liggaam van Christus te gebruik.

In die eerste brief aan die Korintiërs word ’n lys van besondere gawes wat die Gees aan mense gee om die Liggaam op te bou, genoem. Hierdie lys is in daardie tyd identifiseer.

Die Gees is lewend en het skeppingsmag. Daarom is hierdie lys nie “volledig” nie, maar weet ons dat die Gees van God mense sal toerus met die werkinge wat nodig is, wanneer dit nodig is. Die lys van gawes is dus minder of meer gedurende verskillende tydperke in die Kerk se geskiedenis.

Hieronder is die lys wat ons gewoonlik die lys van gawes van die Gees in 1 Korintiërs noem.
Al die gawes is ewe belangrik vir die gesonde werking van die universele Kerk.

Ons vind ’n opsomming van die gawes en vermoëns wat die Gees gee in 1 Korintiërs 12:8-10:
“Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê.”